

Die kennismaking met 'n groter werklikheid.

Teks: Johannes 9: 1 - 12 en Sondag 10
Teksvers: Johannes 9: 3

1. Inleiding

Vanoggend in hierdie leediens wil ons prakties raak in terme van probleem oplossing. Vir ons as moderne mense is die oplossing van 'n probleem miskien maklik. 'n Gewilde benadering vandag is om die oorsprong van die probleem te soek. Want as ons mos die oorsprong effektief kan aanspreek, sal die probleem nie kan uitbrei en groter raak nie. Prakties is dit mos ook die beginsel agter 'n inperking regulasie. Voorkom eerder infeksie as om simptome te behandel.

Vir die Christen gelowige is die grootste probleem natuurlik die sonde. En dat sonde verskeie vorme van leiding veroorsaak is geen geheim nie. Sonde is immers op 'n makrovlak verantwoordelik vir die gebroke wêreld waarin ons vandag leef. Maar dit is op die mikro-vlak wat 'n mens mos die probleme beleef. Daarom deur die eeue die poging om mikro-konneksies te maak tussen spesifieke sondes en spesifieke lyding. Op hierdie mikro-vlak word dan gefokus op konneksies binne die mens self of Sy naaste familie.

Ons teksgedeelte vandag verduidelik die saak so duidelik. Die dissipels wil die blindheid van die man in Johannes 9 koppel aan 'n sonde wat hyself gedoen het. Die probleem is net dat hy blind was geboorte af. Vir 'n blinde persoon is die sonde dalk so bietjie moeiliker. Daarom die groter band, miskien het sy ouers gesondig. Maar dan openbaar Jesus se antwoord vir ons iets heeltemal anders oor die grootheid van God.

Kom ons fokus wat eintlik deur die blindheid van hierdie man geopenbaar word. In Sondag 10 bely ons die grootheid van die skepper en onderhouer van die heeral. Nou is die vraag hoe skakel dit in

by die oorsaak van die blindheid van hierdie man?

2. Die oorsprong van die probleem

Soos ons reeds in die inleiding gesê het, benader die moderne mens dikwels probleem oplossing met 'n fokus op die oorsprong. Daar is twee redes hiervoor. Oorsprong sal 'n probleem bly voer, terwyl 'n mense dit probeer oplos. Wanneer ek 'n pyp wat lek herstel draai ek mos die water toevoer eerste toe. Die tweede rede wat hiermee saam hand is dat 'n probleem dikwels die vermoë het om eskponesieel te groei.

Die covid-19 pandemie benadering is 'n goeie voorbeeld hiervan. Aan die begin is ons gevra om die kurwe nuwe infeksies so plat as moontlik te hou. Dit moes gedoen word om mediese versorging kans te gee om gereed te word om gevalle te kan behandel.

Dit is gewoonlik hoekom 'n mens 'n probleem by die oorsprong wil stop. Want indien 'n probleem eksponesieel vergroot, gaan ek dit dalk kort voor lank, dit glad nie kan hanteer nie. Soos in die covid-19 situasie, sal my hulpbronne dalk net nie genoeg wees nie.

Hier is dan ook die geloofsbenadering om mikro verbinding tussen sonde en lyding te maak. Miskien kan ek dan die sonde stop voor die gevolge van die sonde daar is. Voor ek die gevolge glad nie kan hanteer nie. Christus se antwoord is dat hierdie se blindheid die werke van God gaan openbaar.

Maar dit is juis die vraag van die apostels wat ook iets oor die mens se ingesteldheid openbaar. Die idee dat sonde eintlik maar net ongerief vir myself

bring. En ja miskien ook vir ander om my. Maar eintlik wil ek die sonde weg hê sodat hierdie lewe, selfs in hierdie gebroke wêreld, daarom gemaklik is vir my. Ek wil net nie die ongemak van die effek van die sonde beleef nie. Maar dan kan ons dadelik vra, of so 'n benadering dan vir God werklik eer?

3. Die werk van God.

Tog bly die vraag, wat is dan die werk van God wat geopenbaar word in hierdie blindheid van die man. Want onderliggend lê die verkeerde verstaan, wat vir ons 'n negatiewe beeld van God gee. Daardie idee wat alreeds in ons eerste preek ook wou deurskemer. Spreuke 16:4 wat lees: ⁴Die Here het alles gemaak met 'n doel, ook die goddelose vir die dag van straf. Tog is dit op die einde nie die Here wat die mens laat sondig nie. Dit bly die mens se eie keuse en oortuiging om die gawes waarmee die Here hom/haar geseën het, in diens van die bose te gebruik. Dus is die werk van God duidelik nie om die mens te laat sondig sodat Hy hom/haar uit die lyding kan red nie.

Uit ons voorkoming is beter as genesing benadering, probeer ons om die oorsprong te elimineer soos ons vroër gesien het. En natuurlik kon die Vader die mense so geskape het dat hy/sy nie instaat is om te sondig nie. Maar dit sou natuurlik iets van die Grootheid van God ingeperk het. Die sou impliseer. Dat God nie die probleem van sonde wat eksponensieel meer word sou kan hanteer nie. Dat die werk van God nie genoeg so wees om die probleem van sonde te hanteer nie.

Want die werk van God, waarna ons teksgedeelte verwys, is verlossing. Die is in die besonder in Jesus, Christus se bediening hier op aarde geopenbaar. Verlossing uit die sonde. Daarom alhoewel hierdie man se blindheid nie gekoppel is aan 'n persoonlike sonde van Hom of Sy ouers nie. Is sy blindheid natuurlik 'n

gevolg van die gebroke wêreld wat weer 'n gevolg van die sonde is. Maar hier waar Jesus en die dissipels in Johannes 9 staan. Hier het die sonde nog nie so eksponensieel vermeerder dat die mens nie daaruit verlos kan word nie. Die werk van die Here is steeds groter as dit. Die offer van ons Here Jesus Christus aan die kruis is steeds genoeg.

4. Troos in die lig

By die laaste punt vandag vind ons troos. Ons vind troos in die feit dat ons sondes selfs vandag nog nie so eksponensieel vermeerder het, dat daar geen uitkoms is nie. Met respek gesê is die Here ook nie vandag magteloos voor ons sonde en die gepaardgaande lyding nie. Ook vandag is daar vir my en jou verlossing. Daar is Verlossing in die volmaakte offer wat Christus aan die kruis gebring het.

Dit is ook uiteindelik die antwoord op dissipels se vraag oor hierdie blinde man. Die antwoord dag hulle eintlik die verkeerde vraag vra. Want uiteindelik lê die ware doel van 'n mens se lewe nie bloot in 'n gemaklike voorspoedige lewe hier op aarde nie. Baie mense het dit al nagejaag en net teleurgesteld geëindig. Die ware doel van 'n mens se lewe kan alleenlik gevind word in die eer en verheerliking van die Here.

Daarom openbaar hierdie teksgedeelte uit Johannes 9 eintlik presies wat ons bely in Sondag 10 van die kategismus. Dat die Here almagtig en alomteenwoordig is. En dat Hy alles in so in Sy hand hou, dat lower en gras, reën en droogte, vrugbare en onvrugbare jare, voedsel en drank, gesondheid en siekte, rykdom en armoede en alles ons nie per toeval nie maar uit sy vaderhand kom. Daarom ook hierdie man met sy gebrek aan sig in die hande van die Here. Daarom kan hy onmiddelik op die plek genees word. Maar dit kan alleenlik gebeur as dit die wil van die Vader is.

Uiteindelik is die troos hierin vir ons vanoggend, dat die omstandighede van lyding wat ons tans beleef ook in die hand

van die Vader is. En dat niks buite Sy raadsplan sal gebeur nie.

5. Slot

Ons kan die preek prakties afsluit met raad vir vandag. Want die belydenisskrifte is nie maar gister se waarhede wat net stof vergader nie. Nee ook vandag kan ons dit prakties toepas. In die tyd wat ons lyding ervaar onder 'n pandemie, moet ons geduldig die Here soek. Hierdie geduldig die Here soek beteken nie dat ek maar bloot in lyding tyd moet uithou totdat dit weer met my gemaklik gaan nie. Dit beteken dat ek ook moeilike tye, moet sien as tye waarin die Here Sy wil aan my openbaar. Dit is juis tye waarin my vertrouwe op die Verlossing van die Here moet toeneem.

En dan wanneer dit weer voorspoedig gaan. Wanneer ek wel weer eendag geseën word met 'n gemaklike lewe. Dan moet dankbaarheid nie ontbreek nie. Want soos met die direkte verbinding van die lyding en sonde siening, bestaan die gevaar van trots. Die gevaar dat wanneer ek 'n gemaklike rustige lewe ly, dan dink ek dat dit 'n gevolg is van die afwesigheid van sonde in my lewe. Ek hoef nie eers uit te brei nie, want ek dink u kan duidelik die verwaandheid hier raaksien.

Uiteindelik bly die praktiese les ook vir ons vandag om die regte vraag te vra. Soos Jesus aan die dissipels ook openbaar. Moenie vra waarom my of my naaste se ongemak in 'n spesifieke situasie nie. Vra eerder waarom word die Here nie geëer en verheerlik in hierdie situasie nie. Want elke slegte situasie is ook 'n geleentheid om kennis te maak met die groter werklikheid. Die werklikheid dat God die Vader alles geskep het, en dit nog in fynste besonderhede elke dag onderhou.

Amen